

TAALVERSKYNSELS

1. ANTONIEME

Kyk na die volgende woordpare:

swart — wit
groot — klein
mooi — lelik
duskant — anderkant
dag — nag
buite — binne

Die vetgedrukte woorde druk teenoorgestelde betekenisse uit. Sulke woorde noem ons **Antonieme**.

2. HOMONIEME

Baie woorde klink eenders, maar het verskillende betekenisse. Kyk na die volgende voorbeelde:

Groep I: Sonder spellingverskil:

{ **saal** — Hy sit die **saal** op die perd se rug.
{ **saal** — Die mense vergader in die **saal**.
{ **gas** — Hierdie **gas** is dodelik.
{ **gas** — Jan is my **gas** vir die naweek.
{ **meer** — Ek wil nie **meer** kos hê nie.
{ **meer** — Die bootjie vaar oor die **meer**.

Groep II: Met spellingverskil:

{ **maar** — Ek gaan, **maar** Jan bly.
{ **maer** — Die beeste is **maer** van die droogte.
{ **vier** — Hy het **vier** bokke geskiet.
{ **fier** — 'n **fieri** houding.
{ **stad** — Londen is 'n groot **stad**
{ **stat** — Ons het Dingaan se ou **stat** besoek.
{ **ly** — Die man **ly** aan sy hart.
{ **lei** — 'n Kaffertjie **lei** die span osse.

Bostaande woordpare noem ons **Homonieme**.

Sommige mense maak 'n verskil tussen groep 1 en 2. Die woordpare van groep 1 noem hulle **homonieme**, d.w.s. daardie woordpare wat eenders gespel word. Die van groep 2 noem hulle **homofone**, d.w.s. die wat effens anders gespel word, hoewel hulle eenders klink.

3. SINONIEME

Kyk na die volgende sinne:

- (i) { Sy **vader** is 'n ryk man.
 { **Pa**, ma roep.
- (ii) { Die **jongetjies** speel teen die meisies.
 { Daar is tweehonderd **seuns** in ons skool.
- (iii) { Ek **bewe** van die koue.
 { Die man **sidder** van vrees.
- (iv) { Ken jy daardie **kêrel**?
 { Hy is sommer 'n slegte **vent**.
- (v) { Die man se skoene **blink**.
 { Die sterretjies **vonkel**.
 { Die diamant **skitter**.
 { Die reëndruppels **glinster** in die son.
- (vi) { Met wie **praat** jy?
 { Die twee ou vriende **gesels** lekker.
 { Hy kom my more **spreek** op my kantoor.
 { Die meisies **babbel** aanmekaar.
 { Vroumense **klets** baie op teepartytjies.

Die vetgedrukte woorde in elke groep sinne het òf presies dieselfde betekenis òf feitelik dieselfde betekenis. Ons noem hulle **Sinoniefne**.

Woordpare soos **ma** en **moeder**; **pa** en **vader**; **jongetjies** en **seuns**, ens. het presies dieselfde betekenis, maar word by verskillende geleenthede of onder verskillende groepe gebruik; maar by woordpare soos **glinster** en **vonkel**; **babbel** en **gesels**; **beef** en **sidder**, ens. is daar wel 'n betekenisverskil, hoe gering ook al.

Behalwe betekenisverskille is daar ook ander verskille wat waargeheem kan word:

(i) **Graadverskil:**

{ Hy **beef** van die koue.
 { Die seun **bibber** van die koue.
 { Sy **wens** het waar geword.
 { Dit was die sterwende se **begeerte** om op sy eie plaas begrawe te word.

(ii) **Verskil van gevoelswaarde:**

{ Hy is 'n gawe **kêrel**.
 { Daardie **vent** kan ek nie verdra nie.
 { Jou **mond** is vuil.
 { Hou jou **bek**!
 { Hy dra 'n **goue** ring.
 { Dis nou 'n **gulde** geleentheid om hom te spreek

(iii) **Letterlike en figuurlike gebruik:**

{ Die beste wei onder in die **laagte**.
 { Sulke **laagheid** het ek nie van hom verwag nie.

(iv) **Funksieverskil:**

{ **Ken** jy die man?
 { Ek **weet** waar hy woon.
 { Die man **proe** aan die kos.
 { Die appel **smaak** lekker.

(v) **Verskil van sfeer:**

{ Tien soldate het **gesnuwel**.
 { Hy het gister in die hospitaal **gesteef**.
 { Hierdie winkel het baie **klante**.
 { Die prokureur kry geen **kliënte** nie.

Sommige mense praat van 'n „maanhaarjak-
kals”, ander weer van 'n „nadroejakkals”,
 „aardwolf” of „weerwolf”.

4. PARONIEME

Kyk na die volgende sinne:

{ Die **sieklike** man is kort-kort in die bed.
 { Gister het ek **siekerig** gevoel, maar vandag is ek weer
 gesond.

- { Hy het 'n **tydelike** betrekking aanvaar.
- { Ek was net **betyds** om die trein te haal.
- { Hy het hoë punte **behaal**.
- { Wanneer het jy die **verhaal** geles?

Die vetgedrukte woorde in elke groep is van dieselfde stam afgelei. Sulke stamverwante woorde noem ons **Paronieme**.

5. ANGLISISMES

Onder **Anglisismes** verstaan ons woorde of uitdrukkinge wat letterlik uit Engels vertaal is, of deur Engels beïnvloed is en dikwels indruis teen die Afrikaanse taaleie, sy idioom en sinsbou. Voorbeelde van laasgenoemde is:

Wat is die tyd?

Wat is die datum?

Hy het sy hande vol nou se dae.

Ek het die bus gevang, ens.

Moet ons alle anglisismes bestry?

Daar is baie geleerde mense en puriste wat sommer alle anglisismes voor die voet wil uitroei. Die taal word egter nie uitsluitlik deur sodaniges geskep nie, maar grotendeels deur die gewone man wat hom nie te veel aan grammatiese reëls en gebruik steur nie. Ons moet 'n gematigde en gebalanseerde houding teenoor anglisismes inneem. Barbarismes soos die bostaande wat teen die taalidioom en sinsbou indring, moet wel met wortel en tak uitgedelg word, maar daar is ander anglisismes wat 'n verryking en nuttige aanvulling van die taal is.

Hoe kan ons tussen die goeie en kwade onderskei? Wanneer is die gebruik van 'n anglisisme geregverdig? Dit is natuurlik 'n saak van persoonlike voorkeur en oortuiging, maar die volgende wenke word aan die hand gedoen. Die gebruik van 'n anglisisme is verdedigbaar:

- (i) As dit 'n nuwe, onontbeerlike begrip wat nie in suiwer Afrikaans weergegee kan word nie, aandui, bv: flat, lunch, speaker, tennis, empire, ens.
- (ii) As ons geen Hollandse woord kan oorneem, of 'n Afrikaanse ekwivalent daarvoor kan vorm nie, bv. Iemand gaan afsien by die stasie.
Ek wonder.

- (iii) As dit alreeds burgerreg verkry het, d.w.s. as die anglisisme algemeen gebruik word, bv.

Iemand 'n koppie tee staan.

Dit is natuurlik moeilik en soms selfs onmoontlik om vas te stel wanneer 'n sekere anglisisme alreeds burgerreg verkry het. Alleen die tyd kan ons dit leer. Die voorbeelde onder (ii) en (iii) hierbo moet dan ook as 'n persoonlike opvatting beskou word.

Ons moet ook onthou dat daar onder moderne tale nie so-iets soos 'n suiwer taal bestaan nie. Alle tale ontleen woorde of uitdrukkinge aan ander tale. Om algehele suiwerheid na te streef sou ten slotte net 'n verarming van 'n taal meebring. Aan die ander kant is dit gevaarlik om te gou oor te neem. Dit lei eindelik tot verbastering van 'n taal.

6. VERGELYKINGS

Deur veelvuldige gebruik neem sommige vergelykings 'n vaste vorm aan, bv.

so lelik soos die nag
so rooi soos bloed
so waar as padda manel dra
so dronk soos 'n tol
skuld soos bossies
lieg soos 'n tandetrekker
praat soos 'n boek, ens.

7. DOEBLETTE

Kyk na die volgende woordpare:

{ laagte	{ vlees	{ genoeg	{ twak	{ ken	{ aartappel
{ leegte	{ vleis	{ genog	{ tabak	{ kin	{ ertappel
{ daarom	{ soep	{ teenpraat	{ hartlik	{ vroue	
{ darem	{ sop	{ teëpraat	{ hartelik	{ vrouens	

Hier kry ons twee vorme van dieselfde oorspronklike woord. Sulke woordpare noem ons **doeblette** of dubbelvorme.

Watter verskille in gebruik kan ons opmerk? Daar is:

- (i) **Betekenisverskille**, bv.

daarom — Jan is siek; daarom bly hy tuis.

darem — Jan is darem 'n gawe seun.

- (ii) **Plaaslike of groepsverskille**, bv.
 aartappel of ertappel; nege of neë
 laagte of leegte; ag of agt
- (iii) **Verskille van gevoelswaarde**, bv.
 vlees — Die gees is gewillig, maar die vlees is swak ('n deftige woord).
 vleis — Die man koop twee pond vleis.
- (iv) **Funksieverskille**, bv.
 daarom (bindwoord); darem (bywoord)
 ondergaan (onoorganklik); ondergaan (oorganklik)
- (v) **Letterlike en figuurlike gebruik**, bv.
 { grys — Hy dra 'n grys baadjie.
 { gryse — Dit het in die gryse verlede gebeur.
 { geslypte — Die geslypte mes is baie skerp.
 { geslepe — Jan is 'n geslepe karnallie.

8. TAALFOSSIELE

Sommige vorme wat verouder geraak het, het in bepaalde verband geïsoleer geraak en bly in die taal voortleef. Hulle ondergaan nie die gebruiklike veranderinge nie. Sulke ou vorme noem ons **taalfossiele** of **geykte uitdrukkinge**. Hier volg 'n paar voorbeelde.

- (i) **Ou tweede naamvalle**, bv.
 snags steen des aanstoots
 smorens sweet des aanskyns
- (ii) **ou verdelingsgenitiewe**, bv.
 iets goeds niks lekkers
 wat wonders iets moois
- (iii) **ou derde naamvalle**, bv.
 hedentendage ter aarde bestel
 byderhand met dien verstande
- (iv) **die vorm 't**, bv.
 om 't ewe aan 't skrywe
 as 't ware aan 't spele
- (v) **ou verlede tye**, bv.
 wis, dog of dag, kog, brog.

- (vi) **ou infinitiewe, bv.**
 Dis **te hope** dat sy sal kom.
 Ek was jou gister **te wagte**.
 Dis aan hom **te danke** dat ek nog lewe.
- (vii) **die vorm „de”, bv.**
 Wat **de** duiwel soek jy hier?
 Ek was **de** hoenders in vir hom.
 Wat **de** joos is nou weer verkeerd?
- (viii) **ou sterk verlede deelwoorde, bv.**
 met **geboë** hoof
aangenome kinders
herwonne vryheid
- (ix) **ou vorme van die aanvoegende wys, bv.**
 U naam **worde** geheilig!
 U wil **geskiede**!
 Dit sy so!

9. ASSIMILASIE

Onder assimilasie verstaan ons dié verskynsel dat klinkers of medeklinkers wat naas mekaar of in twee op mekaar volgende lettergrepe voorkom, geheel of gedeeltelik aan mekaar gelyk gemaak word. Ons onderskei twee tipes:

(a) Progressiewe assimilasie:

Dit vind plaas wanneer die gelykmaking vorentoe werk, d.w.s. wanneer 'n klank (vokaal of konsonant) deur 'n voorafgaande klank beïnvloed word. bv.

kelder > **keller** asjeblief > **asseblief**
 hierdie > **hierie** wil nie > **willie**

(b) Regressiewe assimilasie:

Dit vind plaas as die gelykmaking agtertoe werk, d.w.s. wanneer 'n klank deur 'n daaropvolgende klank beïnvloed word, bv.

almal > **ammal** kleinmeid > **kleimeid**
 styfsl > **stysel**

Gedeeltelike assimilasie vind plaas as die eerste klank nie heeltemal soos die daaropvolgende uitgespreek word nie, bv.

ogenblik > **oomblik**; onweer > **omweer**; Stellenbosch
> **Stellembosch**; onpaar > **ompaar**; onbruik-
baar > **ombruikbaar**.

10. METATESIS

Hierdie verskynsel vind plaas wanneer twee opeenvolgende klanke in dieselfde woord omgewissel word. Soms word een van die klanke verander. Voorbeelde:

present > **persent**

presies > **persies**

Duitser > **Duister**

probeer > **perbeer**

Hierdie verskynsel word soms **klankverspringing** of **klankomwisseling** genoem. Die rede vir hierdie verskynsel is omdat die omgesette klanke makliker uitgespreek kan word. Vergelyk ook verder die woorde **derde** en **dertien** naas „die”, **Kersfees** naas „Kristus” en die Mnl. **gars**, naas die Afr. „gras”.

11. TOUTOLOGIE (Stapelvorme)

Wanneer 'n taalkundige begrip dubbeld uitgedruk word, kry ons 'n stapelvorm, bv.

1. **maatskappy** („skap” en „y” het dieselfde betekenis)
2. **eerder; meerder** („eer” en „meer” is reeds komparatiewe)
3. **graftombe; brokstuk; lintwurm; boeldokhond; damwal; sailorsuitpakkie**, ens. waar twee lede van die samestelling dieselfde betekenis het.
4. **mandjietjie, boordjietjie** (met dubbele verkleiningsuitgange)
5. **kinders; kalwers**, ens. waar ons 'n dubbele meervoudsuitgang kry. Die meervoude was oorspronklik „kinder” en „kalver.”

12. EPENTESIS (Invoeging)

Hieronder verstaan ons die invoeging van 'n klank (gewoonlik **d**, **t** of **r**) in 'n woord, bv.

warmder (warmer)

weerluis (weeluis)

skierlik (skielik)

agterlosig (agtelosig)

moontlik (mogelijk)

geneëntheid (genegenheid)

burgermeester (burgemeester)

13. PARAGOGE (Toevoeging)

Hieronder verstaan ons die toevoeging van 'n klank agteraan 'n woord, bv.

dubbeld (dubbel)

lakent (laken)

diakent (diaken)

reent (regen)

14. PROTESIS (Voorvoeging)

Hieronder verstaan ons die toevoeging van 'n klank vooraan 'n woord, bv.

smorens (des morgens)

traak (dit raak)

saans (des avonds)

naand (goeie avond)

15. PROKOPEE (Afkapping van voor)

Dit beteken die afkapping van 'n klank vooraan 'n woord, bv.

Lena (Helena)

Wikus (Lodewicus)

spens (dispens)

16. SINKOPEE (Uitkapping)

Dit vind plaas wanneer 'n klank in die middel van 'n woord wegval, bv.

vlei (vallei)

trug (terug)

twak (tabak)

mekaar (malkander)

teen (tegen)

weens (wegens)

17. APOKOPEE (Agterafkapping)

Dit vind plaas wanneer 'n klank agteraan 'n woord wegval, bv.

dra (dragen)

verloof (verloofd)

sing (singen)

distrik (distrikt)

mag (macht)

gemeubileer (gemeubileerd)

18. HENDIADYS

Dit is 'n konstruksie waarby één voorstelling of idee deur twee woorde wat met gelyke waarde naas mekaar gebruik word, en deur die woordjie **en** verbind is, uitgedruk word. Dit is 'n los samestelling, bv.

Ek het met hom **(ge)staan en praat**.

Ons het **(ge)lê en lees**.

Die seuns het **(ge)loop en fluit**.

Hulle het **(ge)sit en eet**.

19. ARGAIÏSME

'n Argaisme is 'n woord of uitdrukking wat sodanig verouder is, dat dit nie meer gangbaar is nie, bv.

Cuspidor, spitoen, snuiter, domper.

20. ANALOGIE

I. Wat verstaan ons onder analogie?

Analogie kan as een van die belangrikste taalverskynsels beskou word. Dit is grotendeels deur analogie dat 'n kind bv. sy taal aanleer. Hy kry natuurlik 'n sekere gedeelte van sy familiekring en ander mense, maar vorm die grootste gedeelte self op voorbeeld van (na analogie van) wat hy alreeds geleer het.

Die kind het miskien geleer **Ek het geval**. Dit vorm nou 'n sleutelsin waarvolgens hy self talle ander soortgelyke konstruksies vorm, bv. **Ek het gesit, gelê, geslaap, geëet, gery, geloop, gespring**, ens. Dalk het die kind die vorme **hond — honde, voet — voete**, ens., of **hond — hondjie, voet — voetjie**, ens.; of **groot — groter — klein — kleiner**, ens. gehoor. Nou gaan hy self ander woorde verbuig en gebruik na die voorbeeld van — of die geleerde uitdrukking: na analogie van — die vorme wat hy gehoor het. Nou begin hy ook praat van **stoele, deure, klippe**, ens.; **katjie, tafeltjie, stoeltjie**, ens.; **mooier, harder, leliker**, ens.

Op hierdie manier dan leer die kind die grootste gedeelte van sy taal — die fleksie van die verskillende woordsoorte; samestellinge; afleidinge; woordorde; sinsvorme, ens.

Hierdie analogiewerking geskied onderbewus: daar is geen sprake van opsetlikheid nie. Die woorde van ons taal word verdeel in sekere woordsoorte of kategorieë. Die kind leer dan ook mettertyd om hierdie woorde as verskillende woordsoorte aan te voel — name van dinge, name van handelinge, beskrywende woorde, name van verhoudinge, ens., elke groep met sy eie kenmerke. Sodra hy 'n nuwe woord hoor, assosieer hy hom onderbewus met 'n sekere klas of woordsoort, en gebruik hom gewoonlik onmiddellik in sy regte kategorie.

Die kind maak natuurlik dikwels foute. Na die model van verbindings soos „**Ek het geval**” sal hy bv. ook sê „**Ek het gebegin, gevertel, geonthou**”, ens.; maar deur dat hy gedurig

met ander (ouer) mense in aanraking is, leer hy met verloop van tyd gewoonlik watter vorme reg en watter verkeerd is. Aan die ander kant gebeur dit ook soms dat die kind nooit die regte vorme leer nie. Ons vind dit veral by minder-ontwikkelde mense. Hoe dikwels bv. hoor ons nie woorde nie soos *geverkoop*, *gebegin*, *geweerkaats*, *gemishandel*, ens.

Ons het gesê die kind leer 'n taal (i) deur ander na te praat en (ii) na die model van bestaande vorme en verbindings self ander te vorm. Hierdie verskynsel is egter nie net tot kinders beperk nie: volwassenes leer maar op dieselfde manier, maak ook maar gedurig van analogie — die mag van die voorbeeld — gebruik. Gestel bv. A sê vir B: „Op die partytjie gisteraand was daar 'n *gekkerd* — nee, sommer 'n hele paar.” As B dit nou aan C oorvertel, sal hy waarskynlik sê: „Op die partytjie, verstaan ek, was daar 'n hele paar *gekkerds*.” Wat het gebeur? B het die woord *gekkerd* onmiddellik gaan aanvoel as 'n s.nw., en wat nog meer is, na die model van ander s.nwe. op *-erd* het hy die woord tuisgebring by dié groep wat die meervoudsuitgang *s* het.

As die kind na analogie van die vorme *hand* — *hande*, *deur* — *deure*, ens. verkeerde meervoudsvorme soos *tafele* of *arme* gebruik, dan noem ons dit **valse analogie**. Somtyds gebeur dit egter dat sulke verkeerde vorme in die algemene taal opgeneem word en daarin voortleef. In sulke gevalle het die valse analogie regte analogie geword. Die meervoud van *vrou* bv. was oorspronklik *vrouwen*, maar na analogie van ander meervoude soos *gevoel* — *gevoelens*, *wa* — *waens*, *hawe* — *hawens*, ens. het daarnaas *vroue* ook die vorm *vrouens* ontstaan. Op hierdie manier het analogie dus gehelp om die taal te wysig.

Hoe gaan ons analogie nou omskryf? Dit is die verskynsel (i) dat nuwe woorde, vorme en konstruksies ontstaan na die model van dié wat alreeds bestaan, en (ii) dat bestaande woorde, vorme en konstruksies 'n wysiging ondergaan onder invloed van ander waarmee hulle in een of ander opsig ooreenkom. Analogie kan dus beskou word (i) as 'n taalvormende en taalskeppende faktor en (ii) as 'n taalwysigende faktor.

'n Opvallende kenmerk van analogie is sy neiging om vorme van een groep (bv. meervouds- en verkleinwoorduitgange)

gelyk te maak. In Middel-Nederlands bv. het daar die enkelvoudsvorme **kind, ei, calf, hoen** en **lam** bestaan, met meervoudsvorme **kinder, eier, calver, hoen(d)er** en **lammer**. In Afrikaans het die gelykmakende (geleerde woord: nivellerende) neiging van die analogiewerking meegebring dat hierdie enkelvoudsvorme (soos ander op -er, bv. bakker, werker) dubbele meervoude of Stapelvorme ontwikkel het. bv. **kinders, eiers, kalwers, hoenders** en **lammers**. So het daar ook stapelvorme ontstaan by die verkleinwoord, bv. **stippeltjie, krummeltjie, druppeltjie** (el + tjie) en by die vergrotende trap van enkele b.nwe., bv. **meerder** en **minder** (**meer** en **min** is alreeds vergrotende trap).

Interessant is dit om waar te neem hoe hierdie nivellerende kenmerk van analogie meegewerk het om die ontwikkeling van Afrikaans uit Nederlands te bevorder. As gevolg van hierdie taalverskynsel bv. het die persoons- en getalsuitgange by die werkwoord in Afrikaans geheel en al verdwyn. In plaas van **ik kom, jy komt, hy komt; wy, jullie** en **zy komen** gebruik ons: **ek, jy, hy, ons julle** en **hulle kom**. **De** en **het** is weer deur die een vorm **die** vervang.

II. Voorbeelde van analogiewerking in Afrikaans

A. Woordvorming

Veral by woordvorming is analogie, as taalvormende en taalskeppende faktor, die duidelikste waarneembaar.

Samestelling:

Dis soms onmoontlik om vas te stel watter samestelling die eerste ontstaan het, maar as dit bv. „vliegmasjien” is, dan word talle ander samestellings na analogie daarvan gevorm, bv. **vlieg-hawe, vliegkuns, vliegoffisier, vliegluitenant, vlieg-baan, vlieg-oefening, vliegstasie, vlieg-tegniek, vlieg-terrein, vliegtuig, vlieg-wese**, ens.

Na die voorbeeld van ander soortgelyke samestellings het ons 'n groot aantal nieu-vorminge in die taal gekry, bv. **buffeldoring, bloukopkoggelmander, waaierstertmeerkat, streepkoppie, matjiesgoed, perskepitvloer, bobbejaantou, muishondleventel, volstruisdoring, asvoëlkrans**, ens.

Die vrugbaarste terrein vir hierdie soort neologismes is waarskynlik oorlogsterme, bv. **papierkontroleur**, **vegter-vliegтуie**, **noodregulasies**, **masjiengeweerne**, **dwerg-duikbote**, **brisantbom**, **vliegtuigdraer**, **mynlêer**, **diepte-bomme**, **pantserenhede**, **verdonkeringsmaatreëls**, **af-weerkanon**, **besettingsleër**, ens.

Baie nuwe samekoppelings is ook geskep. Na analogie van uitdrukkinge soos „staan-staan” en „lê-lê” is daar weer baie ander soos **skuif-skuif**, **sukkel-sukkel**, **knip-knip**, ens. gevorm. Hierdie gebied is haas onbeperk. Ook ander woordsoorte word geredupliseer, bv. **vroeg-vroeg**, **kort-kort**, **reg-reg-** **nou-nou**, **klompies-klompies**, **bietjie-bietjie**, **voetjie-voetjie**, **troppe-troppe**, **twee-twee**, ens.

In literêre taal kry ons ook baie samekoppelings soos **beeldend-suggestief**, **tegnies-behendig**, **knaend-langdradig**, **kinderlik-naïef**, ens.

Na die model van langer samekoppelings soos „kruidjie-roer-my-nie” word ander gevorm soos **laag-op-die-grondse**, **ou vrou-onder-die-kombers**, **haak-en-steek**, **wie-weet-wanneer**, **been-in-die-lug**, ens.

Daar is baie samestellinge met 'n verbindings-s (bv. **koningsdogter**, **volksdrag**). Dit het ander samestellinge soos **werk(s)-volk**, **geslag(s)register**, **mier(s)hoop**, **winter(s)voete**, **buffel(s)gras**, ens. laat ontstaan. Ook die verbindings-e het in baie gevalle onvas geword, bv. **boer(e)beskuit**, **leeu(e)-kuil**, **dier(e)verhaal**, ens. na die voorbeeld van soortgelyke samestellinge met en sonder e.

Afleiding:

Die voorvoegsel **dood-** is baie produktief. Na analogie van „doodgewoon” bv. waar die betekenis en funksie van „dood” alreeds verbleek het tot 'n blote intensiewe vorm sonder vergelykende krag, kry ons baie ander vorme soos **doodbang**, **doodalleen**, **doodbenoud**, **doodgaar**, **dood-eenvoudig**, **doodgewillig**, **doodgoed**, **doodkoud**, **dood-lekker**, **doodnugter**, **doodskaam**, **doodswak**, ens. So het ook ontstaan: **stokblind**, **stokflou**, **stokdoof**, ens.

Na die voorbeeld van Afrikaanse verlede deelwoorde soos „gewerk” en „gesien” kry leenwoorde nou ook 'n **ge-**, bv. **geflirt**, **geping-pong**, **gebrekfis**, **gehendikep**, ens.

Feitlik al die agtervoegsels in Afrikaans is gebruik om nuwe afleidinge te vorm. In sommige gevalle het daar na die model van ander afleidings langer agtervoegsels ontstaan. Die gewone suffiks is bv. **-heid**, maar na die voorbeeld van woorde op **-ent(-end)**, met afleidinge soos „vermoëndheid” en „verleentheid”, kry ons nou ’n nuwe agtervoegsel **-(e)ntheid** (**-endheid**), bv. **verbelentheid**, **vermoeiendheid**, **verkouentheid**, **gevoelentheid**, **vertrouentheid**.

Hier volg nou ’n paar voorbeelde van nuwe analogies-gevormde afleidinge in Afrikaans:

-aar (-enaar):	spartelaar
-(a)ner:	Pretorianer
-er:	Nataller, Ficksburger
-ery:	stanery, geselsery, skietery, klouery, ens.
-erig:	laggerig, spoggerig, vryerig
-iet:	Paarllet, Durbaniet
-hulle:	Jan-hulle, Pa-hulle, ens.

Besonder produktief is die verkleiningsuitgange by feitlik alle rededele, bv. **Pietie**, onder **onsies**, **vakies**, **kleintjies**, **enetjie**, **slapies**, **groenetjie**, **liefies**, **effentjies**, **darempies**, **foeitoggie**, ens.

B. Die Werkwoord

As gevolg van analogiewerking het die sterk werkwoord (op ’n paar uitsonderinge na, bv. **wis**, **dag**, **kog**, **brog**) in Afrikaans totaal verdwyn. Ook die sterk verlede deelwoord word nie meer gebruik nie. In plaas van die Nederlandse vorme „hy is gedwongen, gekozen, gebonden, bedrogen, ens.” sê ons nou in Afrikaans: hy is **gedwing**, **gekies**, **gebind**, **bedrieg**. Die sterk verlede deelwoord (met verlies van die slot-**n**) word in Afrikaans net byvoeglik gebruik, soms met figuurlike betekenis, bv. **gedwonge** onderwys, ’n **gebonde** lewe, **bedroë** onskuld. Na analogie van die swak verbuiging word daar ook swak vorme van hierdie sterk verlede deelwoorde gebruik, somtyds met verskil van betekenis, bv. ’n **vasgebinde** man, ’n **gebreekte** koppie, die **opgeskiete** koring, ’n **geswelde** vinger, ens.

Na die voorbeeld van al die swak werkwoorde in Afrikaans vind ons dikwels by „**wis**”, „**kon**” en „**wou**” ook ’n „**ge-**” vorm, bv.

As jy **gewou** het, kon jy my gehelp het.
 As ek maar **gekon** het, sou ek jou gehelp het.
 As ek gister **gewis** het, wat ek nou weet . . .

C. Die Selfstandige Naamwoord

Ons het alreeds aangetoon hoe 'n groepie s.nwe. met die meervoudsuitgang **-er** in Middel-Nederlands na analogie van meervoude op **-s** stapelvorme ontwikkel het, bv. **kinders**, **lammers**, ens. 'n Paar ander met dieselfde meervoudsuitgang het weer 'n ekstra **-e** bygekry, bv. **klere** (uit: kledere), **beendere**, **blare** (uit: bladere), **volkere**, **geledere**.

In Nederlands het sommige s.nwe. op **-st**, **-kt**, **-pt**, **-cht** (in Afrikaans: **-gt**) en **-ft** geëindig. In Afrikaans het die slot-**t** in die enkelvoud weggeval, maar in die meervoud behoue gebly, bv. **fees** — **feeste**; **produk** — **produkte**; **amp** — **ampte**; **nes** — **neste**; **geskrif** — **geskrifte**. Na die model van hierdie groep kry ander s.nwe. (wat in Nederlands nie op **-t** geëindig het nie) in Afrikaans ook die meervoudsuitgang **-te**, bv. **aste**, **lieste**, **kieste** naas **asse**, **liese**, **kiese**. Sommige van dié vorme, soos **troste**, **klaste**, **jaste**, **leste**, **boste**, ens. word nog nie deur die Akademie erken nie. Die teenoorgestelde het ook plaasgevind. Die meervoudsuitgang **-te** is vervang deur **-e**, bv. **worse** en **marke** naas **worste** en **markte**.

Die slot-**n** van sommige Nederlandse s.nwe. het in Afrikaans verlore gegaan in die enkelvoud maar behoue gebly in die meervoudsvorme, bv. **lewe** (Ndl.: **leven**) — **lewens**; **wa** (Ndl. **wagen**) — **waens**; **vark** (Ndl.: **varken**) — **varkens**; **hawe** (Ndl.: **haven**) — **hawens**, ens. As gevolg hiervan is **-ens**, as 'n meervoudsuitgang beskou en is ander meervoude (na analogie van die bostaande woorde) gevorm van s.nwe. wat nie in Ndl. op **-n** uitgegaan het nie, bv. **mied** — **miedens**; **nooi** — **nooiens**; **bad** — **baddens**; **vrou** — **vrouens**; **bed** — **beddens**, ens.

By leenwoorde ontstaan dikwels twee meervoude: die uitheemse en die Afrikaanse. Laasgenoemde word gevorm na analogie van ander meervoude in Afrikaans. Hier volg enkele voorbeelde: **minaret** — **minarette** (naas minarets); **majoër** — **majore** (naas majoors); **baron** — **baronne** (naas barons); **medium** — **mediums** (naas media); **politicus** — **politi-**

Feitlik al die agtervoegsels in Afrikaans is gebruik om nuwe afleidinge te vorm. In sommige gevalle het daar na die model van ander afleidings langer agtervoegsels ontstaan. Die gewone suffiks is bv. **-heid**, maar na die voorbeeld van woorde op **-ent(-end)**, met afleidinge soos „vermoëndheid” en „verleentheid”, kry ons nou ’n nuwe agtervoegsel **-(e)ntheid (-endheid)**, bv. **verbelentheid, vermoeiendheid, verkouentheid, gevoelentheid, vertrouentheid**.

Hier volg nou ’n paar voorbeelde van nuwe analogiesgevormde afleidinge in Afrikaans:

-aar (-enaar):	spartelaar
-(a)ner:	Pretorianer
-er:	Nataller, Ficksburger
-ery:	stanery, geselsery, skietery, klouery, ens.
-erig:	laggerig, spoggerig, vryerig
-iet:	Paarliet, Durbaniet
-hulle:	Jan-hulle, Pa-hulle, ens.

Besonder produktief is die verkleiningsuitgange by feitlik alle rededele, bv. **Pietie**, onder **onsies, vakies, kleintjies, enetjie, slapies, groenetjie, liefies, effentjies, darempies, foeitoggie, ens.**

B. Die Werkwoord

As gevolg van analogiewerking het die sterk werkwoord (op ’n paar uitsonderinge na, bv. **wis, dag, kog, brog**) in Afrikaans totaal verdwyn. Ook die sterk verlede deelwoord word nie meer gebruik nie. In plaas van die Nederlandse vorme „hy is gedwongen, gekozen, gebonden, bedrogen, ens.” sê ons nou in Afrikaans: hy is **gedwing, gekies, gebind, bedrieg**. Die sterk verlede deelwoord (met verlies van die slot-**n**) word in Afrikaans net byvoeglik gebruik, soms met figuurlike betekenis, bv. **gedwonge** onderwys, ’n **gebonde** lewe, **bedroë** onskuld. Na analogie van die swak verbuiging word daar ook swak vorme van hierdie sterk verlede deelwoorde gebruik, somtyds met verskil van betekenis, bv. ’n **vasgebinde** man, ’n **gebreekte** koppie, die **opgeskiete** koring, ’n **geswelde** vinger, ens.

Na die voorbeeld van al die swak werkwoorde in Afrikaans vind ons dikwels by „**wis**”, „**kon**” en „**wou**” ook ’n „**ge-**” vorm, bv.

As jy **gewou** het, kon jy my gehelp het.
 As ek maar **gekon** het, sou ek jou gehelp het.
 As ek gister **gewis** het, wat ek nou weet . . .

C. Die Selfstandige Naamwoord

Ons het alreeds aangetoon hoe 'n groepie s.nwe. met die meervoudsuitgang **-er** in Middel-Nederlands na analogie van meervoude op **-s** stapelvorme ontwikkel het, bv. **kinders**, **lammers**, ens. 'n Paar ander met dieselfde meervoudsuitgang het weer 'n ekstra **-e** bygekry, bv. **klere** (uit: kledere), **beendere**, **blare** (uit: bladere), **volkere**, **geledere**.

In Nederlands het sommige s.nwe. op **-st**, **-kt**, **-pt**, **-cht** (in Afrikaans: **-gt**) en **-ft** geëindig. In Afrikaans het die slot-**t** in die enkelvoud weggeval, maar in die meervoud behoue gebly, bv. **fees** — **feeste**; **produk** — **produkte**; **amp** — **ampte**; **nes** — **neste**; **geskrif** — **geskrifte**. Na die model van hierdie groep kry ander s.nwe. (wat in Nederlands nie op **-t** geëindig het nie) in Afrikaans ook die meervoudsuitgang **-te**, bv. **aste**, **lieste**, **kieste** naas **asse**, **liese**, **kiese**. Sommige van dié vorme, soos **troste**, **klaste**, **jaste**, **leste**, **boste**, ens. word nog nie deur die Akademie erken nie. Die teenoorgestelde het ook plaasgevind. Die meervoudsuitgang **-te** is vervang deur **-e**, bv. **worse** en **marke** naas **worste** en **markte**.

Die slot-**n** van sommige Nederlandse s.nwe. het in Afrikaans verlore gegaan in die enkelvoud maar behoue gebly in die meervoudsvorme, bv. **lewe** (Ndl.: **leven**) — **lewens**; **wa** (Ndl. **wagen**) — **waens**; **vark** (Ndl.: **varken**) — **varkens**; **hawe** (Ndl.: **haven**) — **hawens**, ens. As gevolg hiervan is **-ens**, as 'n meervoudsuitgang beskou en is ander meervoude (na analogie van die bostaande woorde) gevorm van s.nwe. wat nie in Ndl. op **-n** uitgegaan het nie, bv. **mied** — **miedens**; **nooi** — **nooiens**; **bad** — **baddens**; **vrou** — **vrouens**; **bed** — **beddens**, ens.

By leenwoorde ontstaan dikwels twee meervoude: die uitheemse en die Afrikaanse. Laasgenoemde word gevorm na analogie van ander meervoude in Afrikaans. Hier volg enkele voorbeelde: **minaret** — **minarette** (naas minarets); **majoór** — **major** (naas majoors); **baron** — **baronne** (naas barons); **medium** — **mediums** (naas media); **politicus** — **politi-**

kusse (naas politici); **centrum** — **sentrums** (naas centra), ens.

D. Die Bywoord

Bywoorde wat 'n b.n.w. bepaal, word in die reël nie verbuig nie, bv. **besonder** gunstige omstandighede. Na analogie van die b.n.w. wat gewoonlik voor die s.n.w. verbuig word, bv. 'n **vriendelike** man of 'n **sagte, fluisterende** stem, word bywoorde nou ook verbuig, bv. 'n **geweldige** groot klip, 'n **taamlike** moeilike onderneming; 'n **belaglike** hoë prys, 'n **redelike** goeie oes; 'n **wonderlike** skoon toneel.

E. Die Byvoeglike Naamwoord

Sommige b.n.w.e. word gewoonlik nie verbuig as hulle voor 'n s.n.w. staan nie. Na die model van ander wat wel verbuig word, word sulke b.n.w.e. ook dikwels verbuig, bv. 'n **sware** klip, 'n **grote** vreugde, 'n **swakke** poging, 'n **kleine** veranderingie, 'n **sterke** stroom, 'n **barse** antwoord, ens. In sommige gevalle is dit natuurlik nie analogie nie maar oorgeërfde Nederlandse vorme.

Die teenoorgestelde gebeur ook: sommige mense gebruik die onverboë vorm van adjektiewe wat gewoonlik verbuig word, bv. Hy is 'n **sleg** man; 'n **ferm** tred; 'n **vroom** kêrel; 'n **fluks** boer; 'n **wrang** smaak, ens.

F. Sinsleer

Dikwels word Afrikaanse sinne na die voorbeeld van Engelse sinne gebou, bv.

Wat is die tyd? (Hoe laat is dit?)

Ek haat om dit te doen. (Ek hou nie daarvan . . .)

Ek voel nie myself vanmore nie. (fris; lekker)

Ek is in Jan se goeie boeke (Ek staan hoog aangeskrewe by Jan).

Hy het my 'n kwaai kyk gegee. (kwaai aangekyk)

G. Betekenisleer

Afrikaanse woorde kry soms 'n nuwe betekenis na analogie van die Engelse betekenis, bv.

Hy is baie **opgenome** met sy fiets. (ingenome)

Hy het die bus **gevang**. (gehaal)

Wat **meen** jy daarby? (bedoel)